# HOËRSKOOL OOS-MOOT

# GEDRAGSKODE, POSITIEWE EN NEGATIEWE VERMELDINGS

**AANHANGSEL A: GEDRAGSKODE**

**POSITIEWE VERMELDINGS EN KREDIETPUNTE**

| | | |
|---|---|---|
| **A** | **AKADEMIE** | |
| A1 | Top akademiese leerder per graad (per kwartaal) | 50 |
| A2 | Top akademiese leerder per vak (per kwartaal) | 40 |
| A3 | Top 10 van graad (per kwartaal) | 30 |
| A4 | Akademie: Gemiddeld styg met 3-6% (na halfjaar eksamen) | 20 |
| A5 | Akademie: Gemiddeld styg met 7% of meer (na halfjaareksamen) | 25 |
| A6 | Gemiddeld: 60-69% (per kwartaal) | 20 |
| A7 | Gemiddeld: 70-79% (per kwartaal) | 25 |
| A8 | Gemiddeld: 80-89% (per kwartaal) | 30 |
| A9 | Gemiddeld: 90% of meer (per kwartaal) | 40 |
| A10 | 5 % verbetering per vak (na halfjaar eksamen) | 10 |
| A11 | Vakgerigte ywer en fluksheid en netjiese werk (per kwartaal) | 30 |
| A12 | Deelname aan olimpiades / vasvrae / vakgerigte kompetisies (per kwartaal) | 10 |
| A13 | Prestasie: Akademie: Eerste plek (olimpiade / vakgerigte kompetisie) | 25 |
| A14 | Prestasie: Akademie: Tweede plek (olimpiade / vakgerigte kompetisie) | 20 |
| A15 | Prestasie: Akademie: Derde plek (olimpiade / vakgerigte kompetisie) | 15 |
| A16 | Prestasie: Akademie: Wenner SA's (olimpiade / vakgerigte kompetisie) | 50 |
| A17 | Akademiese kursus (1 dag) | 10 |
| A18 | Akademiese kursus (2 dae) | 15 |
| A19 | Akademiese kursus (3 dae) | 20 |
| **B** | **SPORT** | |
| B1 | 100% bywoning van oefeninge | 100 |
| B2 | 100% deelname aan byeenkomste, wedstryde | 100 |
| B3 | 75%+ bywoning van oefeninge | 50 |
| B4 | 75%+ deelname aan byeenkomste, wedstryde | 50 |
| B5 | 50%+ bywoning van oefeninge | 25 |
| B6 | 50%+ deelname aan byeenkomste, wedstryde (met verskoning) | 15 |
| B7 | Prestasie: Interhoër - eerste plek | 25 |
| B8 | Prestasie: Interhoër - tweede plek | 20 |
| B9 | Prestasie: Interhoër - derde plek | 15 |
| B10 | Deelname: TOP 10/20/30 | 30 |
| B11 | Prestasie: Sportspanprestasie - eerste plek (liga, reekse, ens.) | 50 |
| B12 | Prestasie: Sportspan - tweede plek (liga, reekse, ens.) | 20 |
| B13 | Prestasie: Sportspan finaal - derde plek | 15 |
| B14 | Prestasie: Sport provinsiale kleure | 50 |
| B15 | Prestasie: Sport SA kleure | 100 |
| B16 | Prestasie: Deelname: Gauteng kampioenskap | 20 |
| B17 | Prestasie: Buitesport (provinsiaal) | 30 |
| B18 | Prestasie: Buitesport (nasionaal) | 50 |
| B19 | Sport - massadeelname (uitdunne) | 10 |
| B20 | Sporttoer / kursus (1 dag) | 10 |
| B21 | Sporttoer / kursus (2 dae) | 15 |
| B22 | Sporttoer / kursus (3 of meer dae) | 20 |
| B23 | Deelname: Klub 300 (100% deelname) | 25 |
| B24 | Deelname en hulpverlening: Noodhulpspan | 25 |

| | | |
|---|---|---|
| B25 | Deelname:  Dirigent (alle byeenkomste) | 25 |
| B26 | Oosie Olympics | 10 |
| B27 | Prestasie: Sportspan - Tshwane uitspele | 20 |
| B28 | Prestasie: Deelname aan SA-kampioenskappe | 50 |
| **C** | **KULTUUR** | |
| C1 | 100% bywoning van oefeninge | 100 |
| C2 | 100% deelname | 100 |
| C3 | 75%+ bywoning van oefeninge | 50 |
| C4 | 75%+ deelname | 50 |
| C5 | Deelname aan Groentjiekonsert | 10 |
| C6 | Deelname aan skoolredaksie | 25 |
| C7 | Deurlopende bydrae tot die kosprojek (insameling uitgesluit - sien E5) | 10 |
| C8 | Kultuurtoer / kursus / optrede (1 dag) | 10 |
| C9 | Kultuurtoer / kursus / optrede (2 dae) | 15 |
| C10 | Kultuurtoer / kursus / optrede (3 of meer dae) | 20 |
| C11 | Prestasie:  Kultuur finaal kompetisies - Goud - Maksimum 50 punte per jaar | 10 |
| C12 | Prestasie:  Kultuur finaal kompetisies - Silwer - Maksimum 25 punte per jaar | 5 |
| C13 | Prestasie:  Kultuur finaal kompetisies - Brons - Maksimum 25 punte per jaar | 5 |
| C14 | Prestasie:  Provinsiaal | 50 |
| C15 | Prestasie:  SA’s | 100 |
| C16 | Prestasie:  Buite skoolverband (provinsiaal) | 30 |
| C17 | Prestasie:  Buite skoolverband (nasionaal) | 50 |
| C18 | 50%+ bywoning van oefeninge | 25 |
| C19 | Hoofrol / Solo in Revue / Musiekblyspel | 15 |
| C20 | Borge ingesamel (R5 000+) | 10 |
| C21 | Borge ingesamel (R10 000+) | 20 |
| C22 | Deelname aan interne kompetisies (Feitevrate, Spelbye) | 5 |
| C23 | Presidentsverkenner (Voortrekkers) | 50 |
| C24 | Bydrae tot Oosie Ink (eenmalig) | 10 |
| **D** | **LEIERSKAP** | |
| D1 | MR-Hoofleiers | 50 |
| D2 | MR-Voorsitter / Ondervoorsitter (Akademie / Kultuur / Sport) | 40 |
| D3 | MR-lid | 30 |
| D4 | VLR-leier | 20 |
| D5 | Junior Stadsraadslid | 20 |
| D6 | Junior Stadsraad (bestuur) | 30 |
| D7 | Leiers / Kapteine / Voorsitters ens. | 15 |
| D8 | VLR Graadverteenwoordiger (jaarliks) | 25 |
| D9 | Kultuur: Bestuurslid (vir ’n jaar) | 30 |
| **E** | **HULPVERLENING** | |
| E1 | Hulpverlening (ander)(8+ ure) | 25 |
| E2 | Hulpverlening (2 tot 7 ure) | 15 |
| E3 | Hulpverlening (minder as 2 ure of eenmalig) | 10 |
| E4 | Klankspan (vir jaar) | 50 |
| E5 | Skenking aan kosprojek (insameling) | 10 |
| E6 | Ondersteuning van projek | 10 |
| E7 | Samewerking GROOT FM (toep) | 50 |
| E8 | Bywoning van GROOT FM | 20 |
| E9 | Hulpverlening (verversingskomitee) | 30 |
| E10 | Hulpverlening (korvee) | 30 |

| F. | GESINDHEID | |
|---|---|---|
| F1 | 100% skoolbesoek (per kwartaal) | 25 |
| F2 | Voorkoms volgens reëls (per kwartaal) | 20 |
| F3 | Eerlikheid (aanmelding van onreëlmatigheid) | 50 |
| F4 | Inhandiging van verlore items in kantoor | 20 |
| F5 | Positiewe gesindheid en gedrag in klas (per kwartaal) | 15 |
| F6 | Ouerbywoning (Algemene Jaarlikse Ouervergadering e.a) | 10 |
| F7 | Ondersteuning van voorgestelde buitemuurse aktiwiteite in skooldrag. | 20 |

**NEGATIEWE VERMELDINGS EN DEBIETPUNTE**

**WANGEDRAG**:

Beteken wangedrag wat deur 'n leerder gepleeg word, wat die volgende insluit, maarnie daartoe beperk is nie:

(a) wangedrag wat op die perseel van die skool gepleeg word, hetsy gedurende of na skoolure;

(b) wangedrag wat gedurende enige skoolaktiwiteit gepleeg word ongeag of dit binne of buite die perseel van die skool is en / of dit gedurende of na skoolure plaasvind;

(c) enige gedrag wat in of uit skooluniform, binne of buite die skoolperseel gepleeg word,wat:

(i) geneig is om die skool 'n slegte naam te gee, die skool se reputasie te skaad of in diskrediet te bring of sy goeie eer aan te tas;

(ii) met die beheer, gesag en behoorlike administrasie van die skool inmeng;

(iii) met die voorwaardes wat vir enige skoolaktiwiteit nodig is, inmeng;

(iv) onderhewig aan die redelike uitoefening van die reg om te vergader, te betoog en petisies op te stel, gepleeg word met die bedoeling om enige persoon daarvan te weerhou om sy of haar regte, magte of pligte as lid van die skoolgemeenskap uit te oefen, of wat gepleeg word as vergelding teen sodanige uitoefening; of

(v) deur die kode van die skool verbied word.

| VLAK 1 WANGEDRAG | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | V1.1 | 3 x versuim om huiswerk te doen in dieselfde vak. | -30 |
| 1 | V1.2 | 3 x versuim om boeke /leermateriaal / toerusting/praktiese klere te bring. | -30 |
| 1 | V1.3 | Versuim om portefeulje-, SBA- of ander opdragte in te gee teen sperdatum. | -20 |
| 1 | V1.4 | Versuim om boeke oor te trek teen sperdatum. | -10 |
| 1 | V1.5 | Versuim om skeurstrokies / ontvangserkennings / afwesigheids-briewe / dokumentasie van ouer/voog teen sperdatum in te handig / skrif nie geteken nie. | -10 |
| 1 | V1.6 | Huiswerk afskryf of laat afskryf (leerder wat boek uitleen). | -50 |
| 1 | V1.7 | Doen ander vak se huiswerk sonder toestemming. | -10 |
| 1 | V1.8 | Eet of drink in klas/saalbyeenkoms / tydens kontaktyd. | -10 |
| 1 | V1.9 | Weier om te werk in die klas / klasreëls na te kom / wettige opdragte/instruksies na te kom / te gehoorsaam / aandag te gee. | -20 |
| 1 | V1.10 | Enige minder ernstige wangedrag tydens klastyd / klaswisseling / opening / saal (lastigheid / onnodigeluidrugtigheid). | -20 |
| 1 | V1.11 | Verlaat klas, skoolgronde enige skoolaktiwiteite of saal sonder toestemming of geldige rede waar ‘n leerder se teenwoordigheid vir die tydsduur van die klas / samekoms / skoolaktiwiteit vereis word ingevolge ‘n wettige opdrag van die hoof of sy gemagtigde of enige opvoeder. | -30 |
| 1 | V1.12 | Gebruik van /sigbaarheid van elektroniese toestelle, bv. oorfone, of die gebruik van enige ander elektroniese toestelle , bv. slimhorlosies, ipads, tablette, skootrekenaars ens. tydens saal of klastyd. Let daarop dat dit gekonfiskeer mag word vir ‘n tydperk van minimum twee weke en dan is stoorgelde betaalbaar. Die skool se sosiale media-beleid is ook van toepassing. | -30 |
| 1 | V1.13 | Gebruik van / Sigbaarheid van selfoon tydens saal- of vierkantopeninge of klastyd / selfoon aangeskakel sonder toestemming. Let daarop dat die selfoon gekonfiskeer mag word vir ‘n tydperk van minimum twee weke en dan is stoorgelde betaalbaar. Konfiskering mag ook later geskied - na afhandeling van ’n ondersoek. Die skool se sosiale mediabeleid is ook van toepassing. | Konfiskering & stoorgeld vir 5 skooldae R100) |
| 1 | V1.14 | Gedrag openbaar wat onveilig is in die gange en op die stoepe soos om enige leerder te versper om na ‘n klas of plek te beweeg, die oorleun van balkonne en enige ander gedrag wat geoordeel te word as onveilig is. | -30 |
| 1 | V1.15 | Rommelstrooi / Bemors lokaal. | -10 |
| 1 | V1.16 | Swak sportmangees tydens sport / ander buitekurrikulêre aktiwiteit, as toeskouer of speler en / of terugpraat met skeidsregter of swak taalgebruik of negatiewe houding teenoor enige afrigter, skeidsregter of opvoeder en enige ander volwassene. Let daarop dat die gedrag dadelik sonder die toekenning van punte kan lei na ‘n interne of Beheerligaamverhoor en kan die speler sy / haar posisieverloor in die span vir ‘n aantal wedstryde. Dit sluit ook in enige nie-nakoming van opdragte van die spankaptein maar as dit die spankaptein is wat die reël oortree, kan dit lei tot ‘n dissiplinêre gesprek met die hoof of sy / haar gedelegeerde en mag die spankaptein onthef word van sy / haar posisie. | -20 |
| 1 | V1.17 | Afwesigheid van buitemuurse aktiwiteit / sportoefening / kultuuraktiwiteit sonder geldige verskoning. Daag nie op vir ’n sportitem nie. | -20 |
| 1 | V1.18 | Versuim om dagboek en / of toesigrooster skool toe te bring. | -10 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | V1.19 | 3 x laat vir klas, sonder toestemming. | -30 |
| 1 | V1.20 | 3 x laat vir skool. | -30 |
| 1 | V1.21 | 1 x Periode stokkiesdraai. Herhaaldelike oortreding sal geklassifiseer word as ‘n vlak 3 wangedrag en sal dit lei tot ‘n BL-verhoor. | -30 |
| 1 | V1.22 | Verkeerde toesigklas / nie in toesigklas nie. | -30 |
| 1 | V1.23 | Rondloop of ronddrentel sonder toestemming (stoepstapper en dagboekinskrywing) in klastyd, ook tussen periodes, sluit in in motors sit, snoepietydens klastyd of op die skoolterrein ronddrentel terwyl die leerder moes aanmeld by ‘n spesifieke skoolbyeenkoms, klas, skool aktiwiteit of plek. | -30 |
| 1 | V1.24 | Teenwoordig in areas op die skoolterrein waar leerders nie tydens skoolure of na skoolure toegelaat word nie. | -30 |
| 1 | V1.25 | Kleredrag of voorkoms nie volgens skoolreëls / gedragskode. Ouerssal gebel word om die korrekte kleredrag te bring of die leerder huistoe te neem sodat die hare / voorkoms reggestel kan word of indien die ouer nie skool toe kan kom nie, sal die leerder in akademiese isolasie geplaas word vir die res van die skooldag. | -20 Konfiskering van juwele vir 2 weke |
| 1 | V1.26 | Manlike leerder nie geskeer nie. Sal wegdoenbare skeermes ontvang en ouer se rekening sal gedebiteer word met R25. Leerder sal gaan skeer in kleedkamer en weer by graadvoog / dissiplinêre beampte aanmeld vir inspeksie. Skeermes word na gebruik weer terugbesorg aan die graadvoog / dissiplinêre beampte wat dit sal weggooi. | -20 |
| 1 | V1.27 | Dra van ontoelaatbare grimering. Moet verwyder word en leerder sal terugkeer na graadvoog / dissiplinêre beampte vir inspeksie. | -20 |
| 1 | V1.28 | Skooltasse: graffiti / verkeerde tipe tas / geen tas. | -20 |
| 1 | V1.29 | Spoeg / ander met water / enige vloeistof spoeg of natspuit of natgooi. | -30 |
| 1 | V1.30 | Wegsteek van ander se eiendom. / Nalatigheid: verlê van eiendom op die skoolterrein. | -40 |
| 1 | V1.31 | Meer as een persoon saam in toilethokkie. | -50 |
| 1 | V1.32 | Bedel by die snoepie op enige manier. | -20 |
| 1 | V1.33 | Indruk en / of versteuring van die goeie orde by die snoepie. | -20 |
| 1 | V1.34 | Kou van kougom tydens skoolure of enige skoolaktiwiteite. | -10 |
| 1 | V1.35 | Bring van of drink van verbode energiedrankies op skoolterrein. | -10 |
| 1 | V1.36 | Onregmatige toegang tot skool se wi-fi; verspreiding / verkoop van skool se wi-fi wagwoord. | -50 |

| VLAK 2 WANGEDRAG | | | |
|---|---|---|---|
| 2 | V2.1 | Hardnekkige minagting van kleredrag- of voorkomsreëls. Ouers sal gebel word om die korrekte kleredrag te bring of die leerder huis toe te neem sodat die hare / voorkoms reggestel kan word of indien die ouer nie skool toe kan kom nie sal die leerder in akademiese isolasie geplaas word vir die res van die skooldag. | -100 |
| 2 | V2.2 | Verlaat skoolterrein sonder toestemming en / of sonder om uit teteken. | -100 |
| 2 | V2.3 | Stokkiesdraai vir volle skooldag. | -200 |
| 2 | V2.4 | Nie opdaag vir wedstryd / byeenkoms sonder geldige verskoning. Laat span / skool in die steek. | -100 |
| 2 | V2.5 | Versuim om seisoen te voltooi, bv. musical sonder geldige rede. | -200 |
| 2 | V2.6 | Gooi ander leerders / opvoeders / persone met enige voorwerpe. Indien dit lei tot beserings, sal dit onmiddellik lei tot 'n BL-verhoor en moontlik 'n klag van aanranding of poging tot aanranding en enige ander klagte ingevolge die gedragskode en Skedule 1 en / of 2 van Kennisgewing 6903 van 2000. | -50 |
| 2 | V2.7 | Vertel leuens/onwaarhede en / of versprei gerugte in persoon of opsosiale media oor enige leerder en / of enige opvoeder. | -50 |
| 2 | V2.8 | Verbale wangedrag van enige aard teenoor mede-leerders, bv lasterlike / kwetsende opmerking / belediging / vloek / kru taal / rassisme / seksisme / geslagshaatlike opmerkings / aantasting vanmenswaardigheid op enige wyse en / of op sosiale media. | -50 |
| 2 | V2.9 | Verhindering, voorkoming en frustrering van die reg van opvoeders in die uitvoering van hulle pligte en / of om hul werk te doen en / of onderrig te gee en / of van leerders om onderrig te ontvang binne of buite klas, tydens enige kontaktyd en / of skoolaktiwiteit. | -50 |
| 2 | V2.10 | Verwerp gesag of disrespekvol of uitdagend of onbeskof of arrogant, praat terug en enige disrespekvolle optrede/houding teenoor enige ander leerder, opvoeders of volwassenes of VLR of Matriekraad. | -50 |
| 2 | V2.11 | Gerugte versprei en / of sameswering om wangedrag te pleeg in persoon of op sosiale media of enige ander wyse soos graffitti, vandalisme, merke op enige skooleiendom of enige skoolgeboue of in enige lokaal. Let daarop afhangend van die graad van ernstigheid dit onmiddellik kan lei tot 'n BL-verhoor. | -50 |
| 2 | V2.12 | Nie-verbale wangedrag van enige aard, bv. stamp / byt / afknouery; Aanhitsing / sameswering tot bakleiery / gevegte / argumente wat ander uitlok om gewelddadig op te tree en / of betrokke te raak in enige gevegte en / of argumente / boeliegedrag / kuberboelie / sekskletse. | -50 |
| 2 | V2.13 | Afneem / opnames of verspreiding van enige onwelvoeglike / onwettige gebeure en / of immorele / onwelvoeglike / onsedelike dade. Let daarop: afhangend van die graad van ernstigheid kan dit onmiddellik lei tot 'n BL-verhoor. | -100 |
| 2 | V2.14 | Onaanvaarbare fisiese kontak tussen leerders, bv. onwelvoeglike / immorele / onsedelike dade en / of onvanpaste liefkosing of enige suggestiewe optrede of mondelinge seksuele insinuasie of onvanpaste poetsbakkery en / of grappies wat ander se menswaardigheid aantas en / of enige derglike optrede of verbale gedrag/fisiese gedrag wat aanstoot mag gee op enige wyse. | -50 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 2 | V2.15 | Hantering van of gebruik van ander persone se eiendom sonder hulle toestemming wat ook as diefstal beskou kan word. Indien dit lei tot ‘n daad wat as diefstal beskou kan word kan dit onmiddellik lei tot ‘n BL-verhoor en / of ‘n klag ingevolge die gedragskode en Skedule 1 en/of 2 van Kennisgewing 6903 van 2000. | -50 |
| 2 | V2.16 | Graffiti aanbring op mure, tafels of enige ander eiendom. | -50<br>& herstel/vervang beskadigde eiendom of bedrag te betaal aan die skool om te herstel |
| 2 | V2.17 | Peuter aan skool se veiligheidstoerusting, bv. kameras, brandblussers, elektiese verbindings, enige elektriese kragbokse en enige ander installasies, asook die laai van selfone sonder toestemming.  Let daarop: afhangend van die graad van ernstigheid kan dit onmiddellik lei tot ‘n BL-verhoor. | -50 |
| 2 | V2.18 | Misbruik van seep, handdoeke en / of toiletpapier in diekleedkamers. | -50 |
| 2 | V2.19 | Ongemagtigde / ongeoorloofde gebruik van sluitkassies en/of stoorvan verbode items. | -50 |
| 2 | V2.20 | Nie-nakoming van veiligheidsmaatreëls in enige sentrum. | -100 |
| 2 | V2.21 | Onregmatige gebruik van die IT-sentrum of RTT-sentrum of GVS-sentrum se toerusting. | -50 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **VLAK 3 WANGEDRAG**<br>Let daarop dat afhangend van die graad van ernstigheid van die oortreding kan dit onmiddellik lei tot tydelike skorsing van 5-7 skooldae gevolg deur 'nBL-verhoor en 'n klag / klagte ingevolge die gedragskode en/of van Kennisgewing 6903 van 2000. Die aanmelding van die insident by die polisie is ook moontlik. | | | |
| 3 | V3.1 | Minagting van enige vlak 1 of 2 sanksie / korrektiewe maatreëls of versuim om sanksie na te kom of versuim om detensie by te woon ofwangedrag tydens detensie. | -100<br>& dra 'n pas vir 'n week of langer soos deur die hoof of sy gemagtigde bepaal, wat tot ses maande lank kan wees afhangende van die ernstigheid van die sanksie |
| 3 | V3.2 | Ernstige wangedrag in die toilette en / of aantrekkamers van enige aard. | -200<br>of afhangend van die gedrag 5-7 dae skorsing & BL-verhoor |
| 3 | V3.3 | Ongemagtigde beoefening / toediening van tradisionele medisyne en verwante aktiwiteite. | -100<br>of afhangend van die gedrag 5-7 dae skorsing & BL-verhoor |
| 3 | V3.4 | Ongemagtigde toediening of gebruik van enige medikasie sonder toestemming (gebruik van medikasie vir chroniese toestande uitgesluit soos bv allergieë en diabetes). | -200<br>of afhangend van die gedrag 'n BL-verhoor |
| 3 | V3.5 | Ernstige disrespek of uitdagende verwerping van gesag / houding / optrede / taal teenoor opvoeders of volwassenes. | -100<br>of afhangend van die gedrag 'n Topbestuurverhoor |
| 3 | V3.6 | Opsetlike ontwrigting van enige skoolaktiwiteit, bv. tydens saal-/ vierkant- / sport- / ander funksies of staking en / of deur die gebruikvan 'n selfoon. | -100 |
| 3 | V3.7 | Deelname of bevordering van enige politieke party / standpunt oefenige buiteskoolse organisasie. | -100 |
| 3 | V3.8 | Vloek / belediging van opvoeder op enige wyse en / of gebare en/of ernstige opstandigheid / terugpraat / weerbarstigheid. | -200<br>of afhangend van die gedrag 'n Topbestuurverhoor |
| 3 | V3.9 | Pleeg plagiaat. | -150 |
| 3 | V3.10 | Onwettige besit van enige tipe notas / slimhorlosies / selfoon / enige ander ongemagtigde elektroniese toestel tydens toetse of eksamens, of oneerlikheid tydens toetse of eksamens / assesseringsprojekte of enige nie-verbale of verbale kommunikasie tydens toetse / eksamens of assesserings. Die gedrag kan ook lei tot 'n verwysing na die skool se asseseringsintervensie-komitee. Sien Ongerymdheidsbeleid. | -150<br>en/of<br>0 vir assessering |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 3 | V3.11 | Doelbewuste vervalsing / bedrog of gee van valse naam / handtekening of medepligtig daaraan en / of weiering van enige leerder om hom / haarself korrek te identifiseer en sy / haar naam en graad aan enige gemagtigde opvoeder of VLR-lid of Matriekraad-lid te verskaf op versoek, tydens skoolure of enige skoolaktiwiteite en / of waar die leerder in enige ander omstandighede as ‘n leerder van die skool geïdentifiseer kan word. | -150 |
| 3 | V3.12 | Stuur van of aanvra of ontvang of aanstuur of in besit wees van sekskletse, ook die besigtiging daarvan op enige sosiale platvorm, toepassing (*App*), webwerf of deur middel van enige elektroniese toestel wat insluit enige afbeelding, klankopname, video, aangepaste afbeelding wat op enige wyse gemanipuleer is en / of enige skakel na enige aanlyn-platvorm en / of toepassing / gespreksgroep. Dit sluit ook in die konfiskering van die selfoon / elektroniese toestel vir ‘n sekere tydperk en die betaling van stoorgelde en die verbeuring van die voorreg om ’n selfoon / elektroniese toestel op die skoolterrein tydens enige skoolaktiwiteit in die leerder se besit te hê. | -200 |
| 3 | V3.13 | Die stig van ‘n aanlyn kletsgroep wat betrekking het op enige skool of akademiese aktiwiteite of enige skoolaktiwiteite soos sport of kultuur sonder toestemming van die hoof en / of sy gemagtigde. | -200 |
| 3 | V3.14 | In besit wees van, of vertoon van, of duplisering van, of verspreiding van pornografiese materiaal van enige aard. Sankies hier kan ook insluit die konfiskering van die selfoon / elektroniese toestel vir ‘n sekere tydperk en die betaling van stoorgelde en die verbeuring van die voorreg om ’n selfoon / elektroniese toestel op die skoolterrein tydens enige skoolaktiwiteit in die leerder se besit te hê. | -200 |
| 3 | V3.15 | Onbetaamlike / seksuele / onwelvoeglike / immorele gedrag van enige aard. | -200<br>of afhangend van die gedrag ’n BL-verhoor |
| 3 | V3.16 | Besit van enige gevaarlike voorwerp en / of wapen, wat tot besering van ander kan lei of enige voorwerp wat gebruik word as ‘n gevaarlike wapen. | -50 |
| 3 | V3.17 | Optrede wat ander se veiligheid op enige wyse bedreig of enige regte aantas of tot beserings kan lei / benadeel in enige opsig. | -100 |
| 3 | V3.18 | Steek van ander leerder met ‘n passer, naald, spuitnaald of kopspelde. | -70 |
| 3 | V3.19 | Fisiese afknouery of rondstampery of bakleiery of gevegte in enige vorm. | -150 |
| 3 | V3.20 | Enige onregmatige, rowwe spel wat onveilig is of die goeie orde by die skool versteur. | -150 |
| 3 | V3.21 | Beskadiging van ander se eiendom. | -70<br>& herstel/vervang beskadigde eiendom |
| 3 | V3.22 | Vandalisme / kwaadwillige beskadiging van skool of opvoeders of mede-leerders se eiendom op enige wyse. | -100<br>& herstel/vervang beskadigde eiendom |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 3 | V3.23 | Onveilige of onwettige gebruik van enige voertuig of motorfiets op terrein (vinnig ry ens.) | -100<br>& verloor parkering vir 'n week of langer |
| 3 | V3.24 | Besit of skiet van klappers of enige ander vuurwerke. | -200 |
| 3 | V3.25 | Dobbelaktiwiteite, lotery, spaarskema, stokvel, onwettige verkoop van enige produkte, speletjies wat enige voorwerp gebruik in 'n spel van kans of waagspel waarvan die uitkoms nie verseker is nie. | -200 |
| 3 | V3.26 | Rook van sigarette / nikotiensakkies / enige tabakgebruik / elektroniese rooktoestelle (vape) / hubbly inklas of badkamers of op terrein, in skooldrag of nie, of buite skoolgronde in skooldrag of tydens enige skoolaktiwiteite in skooldrag of nie. | 3 dae skors<br>& Topbestuur-verhoor |
| 3 | V3.27 | In besit van sigarette / nikotiensakkies / enige tabakgebruik / elektroniese rooktoestelle / aanstekers / vuurhoutjies / *vape juice* / *hubbly*toestelle en produkte, en enige verwante produkte. | 3 dae skors<br>& Topbestuur-verhoor |
| 3 | V3.28 | Rooktoeskouer by die rook van sigarette / nikotiensakkies / enige tabakgebruik / elektroniese rooktoestelle (*vape*) / *hubbly* in klas of badkamers of op terrein, in skooldrag of nie, of buite skoolgronde in skooldrag of tydens enige skoolaktiwiteite in skooldrag of nie en / of waar die leerder geïdentifiseer kan word as 'n leerder van die skool. | 3 dae skors<br>& Topbestuur-verhoor |
| 3 | V3.29 | In besit van enige verbode item op die skoolterrein of tydens enige skoolaktiwiteite. | -200 |
| 3 | V3.30 | Verbreking van voorwaardelike toelatingsvoorwaardes. | Topbestuurverhoor |
| 1-3 | V3.31 | Enige gedrag / aksie wat die goeie werking en / of naam van die skoolop enige wyse skade aandoen of in oneer bring. | -30 tot -200<br>of<br>Topbestuurverhoor of BL-verhoor |
| 1-3 | V3.32 | Gebruik van die skool se intellektuele eiendom bv. skoolwapen, enige embleem, skoollied, slagspreuke en ander afbeeldings, videos, klankopnames, foto's ens. sonder toestemming op enige manier of aanlyn sonder vooraf toestemming van die BL en/of die hoof. | -30 tot -200 |
| 3 | V3.33 | SAPD optrede: In besit van onwettige middels, wat insluit sigarette, aanstekers, elektroniese rooktoestelle ensovoorts. | -100 of BL-verhoor |
| 3 | V3.34 | Dra van korrektiewe pas vir 'n week. | 0 |
| 3 | V3.35 | Aanhoudende afwesighede: Vyftien skooldae | Topbestuurverhoor |
| 3 | V3.36 | Intervensiegesprek met ouers en leerder. | 0 |
| 3 | V3.37 | Borgvorm uitstaande. Geen beëdigde verklaring. | -100 |
| 3 | V3.38 | Wangedrag in studielokaal. | -100 |

| VLAK 4 WANGEDRAG<br>Let daarop dat afhangend van die graad van ernstigheid van die oortreding kan dit onmiddellik lei tot tydelike skorsing van 5-7 skooldae gevolg deur 'n BL-verhoor en 'n klag/klagte ingevolge die gedragskode en/of van Kennisgewing 6903 van 2000. Die aanmelding van die insident by die polisie is ook moontlik. | | | |
|---|---|---|---|
| 4 | V4.1 | Weiering om aan 'n dissiplinêre ondersoek deel te neem. | Moontlike 3 dae skorsing & Topbestuurverhoor |
| 4 | V4.2 | Onwettige verspreiding van of handel dryf in toets- of eksamenmateriaal of assesseringsprojekte. | BL-verhoor |
| 4 | V4.3 | Opsetlike saakbeskadiging van skool of opvoeders of mede-leerders se eiendom. | BL-verhoor |
| 4 | V4.4 | Betreding / inbraak / diefstal / kriminele optrede / besit van gesteelde eiendom. | BL-verhoor & SAPD waar van toepassing. |
| 4 | V4.5 | Brandstigting. | BL-verhoor & SAPD waar van toepassing. |
| 4 | V4.6 | Bedrog pleeg met 'n amptelike dokument wat aan die skool uitgereik is en / of uitgereik is deur die skool in enige formaat insluitend in elektroniese formaat. | BL-verhoor |
| 4 | V4.7 | Die skep, verspreiding of dreigement om valse of regte pornografieof eksplisiete beelde te versprei sonder 'n persoon se toestemming / kennis, ook bekend as "nie-konsensuele pornografie" of"wraakpornografie". | BL-verhoor |
| 4 | V4.8 | Seksuele teistering van enige persoon, in persoon, op enige sosiale platform of enige ander wyse. | BL-verhoor |
| 4 | V4.9 | Weiering om deursoek te word. | -200 |
| 4 | V4.10 | Teistering en / of intimidasie van enige persoon in persoon, op enige sosiale platform of enige ander wyse. | BL-verhoor |
| 4 | V4.11 | Besit van enige regte wapen / gevaarlike wapen/gevaarlike voorwerp of 'n replika van enige gevaarlike wapen. | 5-7 dae skorsing & BL-verhoor |
| 4 | V4.12 | Onder die invloed van of in besit van of drink van alkohol of enige produk / vloeistof wat alkohol en / of enige ander medisyne / bedwelmingsmiddel bevat en / of verspreiding daarvan en / of advertering daarvan op enige wyse insluitende enige aanlyn platform. | Word dadelik huis toe gestuur, want onder die invloed & BL-verhoor |
| 4 | V4.13 | Besit / gebruik / positief toets / onder invloed wees / handel / verskaf / voorsien van enige verbode / narkotiese / bedwelmende middels. | 5-7 dae skorsing & BL-verhoor |
| 4 | V4.14 | Weiering om dwelmmiddeltoets te ondergaan. Weiering sal beskou word deur die skoolowerhede as 'n positiewe uitslag van dwelmgebruik. | 5-7 dae skorsing & BL-verhoor |
| 4 | V4.15 | Herhaling van wangedrag: rook/ gebruik van sigarette / nikotiensakkies / enige tabakprodukte / elektroniese rooktoestelle (vape) / hubbly in klas of badkamers of op terrein, in skooldrag of nie, of buite skoolgronde in skooldrag of tydens enige skoolaktiwiteite in skooldrag of nie. | BL-verhoor |
| 4 | V4.16 | Herhaling van wangedrag: in besit van sigarette / nikotiensakkies / nikotiensakkies / enige tabakprodukte / elektronieserooktoestelle / aanstekers / vuurhoutjies. | BL-verhoor |
| 4 | V4.17 | Herhaling van wangedrag: rooktoeskouer by die rook/gebruik van sigarette / elektroniese rooktoestelle (vape) / hubbly in klas of badkamers ofop terrein, in skooldrag of nie, of buite skoolgronde in skooldrag oftydens enige skoolaktiwiteite in skooldrag of nie. | BL-verhoor |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 4 | V4.18 | Herhaling van wangedrag: Toets positief vir dwelmgebruik en / of in die besit wees van enige dwelmmiddel / alkohol-produk. | 5-7 dae skorsing & BL-verhoor |
| 4 | V4.19 | Antisosiale gedrag bv. haatspraak of diskriminasie of seksisme of rassisme of intimidasie of teistering of geestelike of emosionele boelie of aantasting van menswaardigheid. | 5-7 dae skorsing & BL-verhoor |
| 4 | V4.20 | Openbare onsedelikheid of immorele gedrag. | BL-verhoor |
| 4 | V4.21 | Skryf of maak of verspreiding van onwelvoeglike briewe / notas / sketse / foto's; elektronies of andersins; kuberboelie. | BL-verhoor |
| 4 | V4.22 | Seksuele teistering elektronies of andersins / betasting / deelname aan seksuele aktiwiteit. | 5-7 dae skorsing & BL-verhoor |
| 4 | V4.23 | Satanisme of toordery of dreigemente van toordery. | 5-7 dae skorsing & BL-verhoor |
| 4 | V4.24 | Deelname aan bende-aktwiteite of soortgelyke gedrag as bendegedrag. | 5-7 dae skorsing & BL-verhoor |
| 4 | V4.25 | Besit / gebruik van enige gevaarlike wapen, voorwerp, stof, vloeistofof plofbare stof. | BL-verhoor |
| 4 | V4.26 | Aanranding of dreig van aanranding met die doel om ernstig te beseer. | 5-7 dae skorsing & BL-verhoor |
| 4 | V4.27 | Insubordinasie, bv. weier om gehoor te gee aan 'n opdrag. | Moontlike 3 dae skors & Topbestuur-verhoor |
| 1-4 | V4.28 | Enige wangedrag strafbaar onder gemene reg. | -30 tot BL-verhoor |
| 4 | V4.29 | Sit detensie - as sanksie van BL-verhoor | 0 |
| 4 | V4.30 | Oortreding van skool se gedragskode, bv. weier om detensie te sit. | BL-verhoor |

Die erns / graad van die wangedrag kan 'n direkte Topbestuur- of BL-verhoor tot gevolg hê. Debietpunte word dan nie noodwendig toegeken nie, maar kan as sanksie, deur die betrokke tribunaal of komitee toegeken word.

Waar verwys word na dae is dit enige skooldag. Vakansies, naweke en openbare vakansiedae uitgesluit.

Debietpunte akkumuleer op die leerder se individuele debietverslag vir die hele akademiese jaar en word nie uitgewis of vervang met positiewe gedragspunte nie.

Dissiplinêre optrede teenoor leerders sal geskied, gebaseer op die akkumulasie van debietpunte op die leerder se individuele gedragsverslag of die herhaling van sekere wangedrag wat 'n oortreding is van die leerdergedragskode en / of Skedule 1 en / of 2 van Algemene Kennisgewing 6903 van 2000, soos gewysig.

**SANKSIES:**

Waar daar verwys word na debietpunte, beteken dit soos hieronder aangedui of andersins aangedui.
-100 = Detensie
-200 = Amptelike intervensiegesprek + detensie (of alternatiewe sanksie)
-400 = Topbestuurverhoor + finale skriftelike waarskuwing + toepaslike sanksie
-500 = Beheerliggaamverhoor + toepaslike sanksie

**LET WEL:**

1) Enige wangedrag in die vierde kwartaal kan oorgedra word na die volgende jaar, indien die leerder dan nog ‘n ingeskrewe leerder van die skool is, so ook wangedrag van ernstige aard wat nog nie aangespreek en afgehandel is nie.

2) Leerders met inskrywing(s) van 100 debietpunte of meer (ongeag of hy/sy detensie gesit het), of wat in die plek van debietpunte direk na ŉ topbestuurverhoor of beheerliggaamverhoor verwys is, en skuldig bevind is, sal gediskwalifiseer word van aansoek tot die MR en VLR, want dis ‘n voorreg en nie ‘n reg nie om verkies te word tot so ‘n leierposisie. Dit sluit ook in deelname aan enige skoolaktiwiteit of die toekenning van enige erekleure of ander leiersposisies in enige sport. Dit sal bepaal word na gelang van ŉ deeglike ondersoek. Die voorreg om aan enige skoolaktiwiteit deel te neem, mag ook verbeur word.

3) Leerders wat reeds tot die MR of VLR verkies is, en inskrywing(s) gelykstaande aan 100 of meer debietpunte ontvang, sal sy / haar posisie op die MR of VLR verbeur en van die MR of VLR verwyder word. want dis ‘n voorreg en nie ‘n reg nie om verkies te word tot so ‘n leierposisie. Dit sluit ook in deelname aan enige skoolaktiwiteit of die toekenning van enige erekleure of ander leiersposisies in enige sport. Dit sal bepaal word na gelang van ŉ deeglike ondersoek. Die voorreg om aan enige skoolaktiwiteit deel te neem, mag ook verbeur word.

4) Leerders wat skuldig bevind is aan die besit / gebruik / in teenwoordigheid van rook / vape of wat skuldig bevind is aan die besit / gebruik of positief getoets is vir verbode middels / alkohol / tabakprodukte / gevaarlike wapens en / of voorwerpe en/of in besit bevind is van enige vape toestelle / juice of hubbly mag nie enige leiersposisie beklee nie en mag daar ook nie enige akademiese of erekleure toegeken word nie, want dis ‘n voorreg en nie ‘n reg nie om erekleure te ontvang of enige leiersposisie te beklee. Die voorreg om aan enige skoolaktiwiteit deel te neem mag ook verbeur word.

5) Leerders wat skuldig bevind is aan aanranding / frustrering of versteuring van onderrig / boeliegedrag / onvanpaste immorele gedrag / kuberboelie / verspreding van sekskletse en / of deelname daaraan op enige wyse, mag nie enige leiersposisie beklee nie, en mag daar ook nie enige akademiese of erekleure toegeken word nie, want dis ‘n voorreg en nie ‘n reg nie om erekleure te ontvang of enige leiersposisie te beklee. Die voorreg om aan enige skoolaktiwiteit deel te neem, mag ook verbeur word.

*Hierdie vermeldings is onderhewig aan verandering soos deur die omstandighede bepaal en na die leerders gekommunikeer is en die Beheerliggaam en / of die skoolhoof en / of sy gemagtigde behou die reg voor om dissiplinêre stappe teen enige leerder te neem waar die oortreding nie spesifiek in die gedragskode genoem word nie of omskryf word of in hierdie dokument genoem of omskryf is nie en wat daarop gemik is om die goeie orde, dissipline en die opvoedingsproses in die skool omver te werp.*